

Agentskappe beloop om samewerking te verskerp voor kritiese FATF-hersiening

11 Augustus 2022 - Suid-Afrikaanse instansies, in die hart van die geveg teen korrupsie, insluitend staatskaping, het beloop om hul gesamentlike pogings te versterk en samewerking te verbeter om te verseker dat diegene wat staatshulpbronne misbruik verantwoordbaar gehou word.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter, nasionale direkteur van openbare vervolgings Shamila Batohi, en nasionale hoof van die DPCI Godfrey Lebeya, was onder die hoofde by die opening van 'n driedagwerkswinkel oor interagentskapsamewerking wat in Pretoria gehou is.

Die werkswinkel, wat in Julie gehou is, was 'n historiese geleentheid vir die regsafdwingende agentskappe, tesame met Tesourie, die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), die Finansiële Intelligensiesentrum, die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor en die Suid-Afrikaanse Reswerwe Bank (SARB), om gesamentlik die maatstaf te stel vir interagentskapsamewerking in die bekamping van onwettige finansiële strome, geldwassery, belastingmisdaad en korrupsie. Dit was bygewoon deur 40 senior beamptes van Nasionale Tesourie, SARS, SARB, die Finansiële Intelligensiesentrum, die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor, die Nasionale Vervolgingsgesag, die Valke en die Spesiale Ondersoekkeenheid.

By hierdie kritiese kruispad in Suid-Afrika se demokrasie, het die hoofde van die deelnemende entiteite saamgestem dat die bou van sterk en veerkragtige instansies, wat korrupsie en enige toekomstige pogings tot staatskaping kan weerstaan, die hoeksteen is vir die herstelling van integriteit en herbouing van openbare vertroue.

Sentraal tot die herstel van openbare vertroue, is om te verseker dat diegene wat volgens die Zondo-kommissie as betrokke bevind is by staatskaping en die vernietiging van staatskapasiteit, verantwoordbaar gehou word vir die optrede wat tydens die afgelope dekade die land onmeetbare skade aangerig het.

Die hoofde van hierdie entiteite het ooreengekom dat, om dit suksesvol uit te rig, word vereis:

- Dat die algehele nasionale finansiële intelligensiestelsel, wat interagentskapsamewerking moontlik maak, verder ontwikkel en versterk word.
- Dat die betrokke agentskappe nader moet saamwerk aan 'n gesamentlike aksieplan.
- Dat hul aktief moet saamwerk om inligting te deel, sover die gereg dit toelaat, en die gebruik van data verbeter.
- Dat agentskappe beste praktyke en maatreëls moet deel om doeltreffende implementering en spoedige optrede te verseker.
- Instaatstellers van staatskaping en korrupsie, soos sommige banke, ouditfirmas, eiendomsagente en prokureurs, staar die volle mag van die gereg in die gesig en word verantwoordbaar gehou deur hul regulerende liggame.

Teen die agtergrond van die gesamentlike rigting verskaf deur die hoofde van die entiteite, het die OECD-kenners 'n kritiese self-assessering gefasiliteer van die volwassenheid van effektiewe samewerking tussen regstoepassende en regulerende agentskappe in Suid-Afrika, deur die gebruik van 'n standaard volwassenheidsmodel gebaseer op die tien wêreldwye beginsels vir die bekamping van belastingmisdade ontwikkel deur die OECD. Die beginsels identifiseer die probleemareas en gapings, en die maatreëls nodig om dit reg te stel. Die werkwinkel het ook gekyk na watter internasionale samewerkingsmeganismes beskikbaar is en wat effektiewelik toegepas word in die bekamping van belastingmisdaad, onwettige finansiële strome, geldwassery en terreurfinansiering.

Die uitslae van die self-assesseringsoefening het 'n positiewe ontluikende strategiese skuif getoon jeens die inskerping van die nasionale finansiële intelligensiestelsel. Die OECD het die skuif toegejuig. Die OECD het die samewerkende pogings van die partye ondersteun om te volhard in die versterking van die algehele strategiese konteks en stelsel, deur die versterking van inligtingspoorte tussen en onder agentskappe ter nastrewing van wettige doeltreffende inligtinguitruilings en die dryf van operasionele samewerking. Die OECD het die Fusion Centre uitgelig as 'n

ontluikende beste-praktyk wat ideaal gesproke uitgebrei kan word om geldwassery te bekamp en verder te bou op die werk deur die Suid-Afrikaanse Geïntegreerde Taakspan vir Teengeldwassery (SAMLIT), wat 'n privaat-publieke vennootskap is met die doel van bekamping van finansiële misdaad, gelei deur die Finansiële Intelligensiesentrum, en bestaan uit die toepaslike wetstoepassende, regulerende entiteite en die banke.

Die OECD het ook partye aangemoedig om die interagentskapsvoorstelle, oor die aanspreek van onverklaarbare rykdom, te loods en te toets.

Oor die algemeen het die resultate gewys dat Suid-Afrika 'n gevestigde en funksionerende stelsel het, insluitend die stigting van 'n gespesialiseerde interagentskap werksgroep wat fokus op onwettige finansiële strome, maar daar is nog baie werk in die bekamping van belastingmisdaad, onwettige finansiële strome, geldwassery en terreurfinansiering. Dit sluit in pogings om data-analising en koördinering te verbeter, wette te harmoniseer en beoefening van minder rompslomp om die betydse uitruil van akkurate en betroubare inligting te bevorder, wat voortgesette meting van die volwassenheid van interagentskapsamewerking en interagentskapsvertroue inskerp, en Suid-Afrika se bilaterale en multilaterale verdrae hersien vir doelgeskiktheid.

Die hoofde van die entiteite het die uitkomst van die werkswinkel en die implementering van aanbevelings geëndossee as 'n verdere stap jeens die verfrissing van Suid-Afrika se gesamentlike reaksie op FATF in Januarie 2023. Die belangrik kwessie nou is 'n sterk fokus op uitvoering en die bereik van meetbare resultate.

EINDE.